Milan Potgieter

Graad 6

Laerskool Randhart

Tema: Spore

Titel: Koekie-krummel-spore

**Koekie-krummel-spore**

Stilletjies hier op my bed.
Gesteelde koekies maak nie vet!
Ek hoor haar aankom in die gang,
Mamma gaan my nou uitvang!

Haar oë blits, haar bo-lip sweet.
Sit jy alweer en koekies vreet?
Hoe weet sy als? Ek is verstom!
Toe tref dit my, ek was so dom.

Ek het soos Hansie in die bos
koekie
          krummel
                    spore
                         gelos!